Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 18 April 2019

**Baie geseënde paastyd word u almal toegewens.**

## 1. GELUKWENSING - LEERDERS:

Baie geluk aan JP Koen wat aangewys is as die nuwe Wonnieraadslid van 9/3. Ons wens ook vir Hanko Crous geluk wat tydens die Individuele Distrik-Skaaktoernooi 'n sewende plek behaal het.

## 2. UITSLAE - SPORT:

Die Wintersport is aan die gang en die volgende pragprestasies is gelewer:

**<u>HOKKIE:</u>**

Die Hokkie het op 12 April teen Prestige College hulle staal gewys. Die uitslae is soos volg:

- 14 A-span speel gelykop 1-1
- 15 A-span verloor
- 16 A-span wen 2-0
- Tweede Span wen 2-0
- Eerste Span wen 1-0



**<u>NETBAL:</u>**

Die netbal kompeteer op 13 April teen Hoërskool Nylstroom en vaar baie goed:

- 0/14- en 0/15 A-spanne verloor
- 0/16 A-span wen 24-20
- 0/17 A-span wen 18-6
- Eerste Span wen 23-11



**<u>RUGBY:</u>**

Die rugbyspelers het twee wedstryde gespeel. Op 9 April meet hulle kragte teen Hoërskool Hans Strijdom en op 13 April speel hulle teen Hoërskool Nylstroom:

| *Hoërskool Hans Strijdom* | | *Hoërskool Nylstroom* | |
|---|---|---|---|
| 0/14 A-Span | 17-17 gelykop | 0/14 A-Span | 53-10 wen |
| 0/14 B-Span | 24-24 gelykop | 0/15 A-Span | 36-10 wen |
| 0/15 A-Span | 24-17 wen | 0/16 A-Span | 41-7 wen |
| 0/16 A-Span | 20-12 wen | Tweede Span | verloor |
| Tweede Span en Eerste Span | verloor | Eerste Span | 19-15 wen |




**TAFELTENNIS:**

Baie geluk aan die Gemengde Tafeltennisspan met hul oorwinning van 30-0 teen Hoërskool Gerrit Maritz.

## 3. WONDERLIG:



Kwartaal twee se Wonderligsessies is aan die gang. Die kwartaal het begin met ongeveer veertig graad 8-leerders. Wonderlig se visie is: "Om emosionele intelligensie onder tieners te verhoog, lewens te verryk en hoop te gee vir die toekoms, ten spyte van enige omstandighede". Dit moet hulle ingesteldheid teenoor die lewe positief beïnvloed, sodat hulle beter keuses kan maak en hulle bemagtig vir `n beter en gelukkiger toekoms.

## 4. TSG – TIENER STEUNGROEP:



Die Tienersteungroep is vanjaar behoorlik aan die kook. Ons spog vandeesweek met ons nuwe hemde, sodat ons duideliker sigbaar kan wees vir enige Wonnie, wat ons vriendskap en ondersteuning nodig het. TSG-lede is die skakel tussen die leerders, personeel en berader. Hulle leer lewensvaardighede wat hulle vir die res van hulle lewe kan gebruik.

## 5. GRAAD 8 VAN 2020 - INSKRYWINGS:

Inskrywings vir Graad 8 van 2020 is aan die gang, alhoewel die aanlynstelsel nog nie oop is nie. Alle Graad 8-leerders moet egter aanlyn registreer. Aanlyn inskrywings geskied by www.gdeadmissions.gov.za, waarna die aansoeker 'n waglysnommer ontvang. Alle waglysnommers vir Die Hoërskool Wonderboom het die nommer 230383 in. Aansoeke kan deur ouers self aanlyn gedoen word of ingegee word by die skool, waar dit dan vir die ouer gedoen sal word. Aanlyn-inskrywings open op **13 Mei 2019.**Die volgende dokumente moet ook ingehandig word:

1. Geboortesertifikaat van die leerder
2. Bewys van adres (woonadres of werksadres – afhangende op grond waarvan aansoek gedoen word)
3. ID's van ouers
4. Laaste rapport van leerder
5. Getekende inskrywingsvorm van die skool.

## 6. AANPASSING VAN SKOOL-PERIODES:

Tans is die personeel onder geweldige druk om te midde van die verskeie vakansie-dae steeds alle kurrikulêre werk af te handel. Ten einde te help, sal daar op Dinsdag, 23 April, geen saalopening van 'n uur wees nie. Alle leerders skryf dus direk, as die skool open, hul toetse (Gr 8 + 9: NW, Gr 10: Afrikaans, Gr 11: Lewenswetenskappe en Gr 12: Afrikaans), waarna die volledige Dinsdagrooster sal volg. Die uur wat vir saal gebruik sou word, word dan aan die einde van die dag gebruik om Periode 7 + 8 van 'n Donderdag te volg. Maak asseblief seker dat u kind die regte boeke saambring en gereed is vir dié ekstra periodes. Die skool verdaag steeds gewone tyd.



M LEZAR
SKOOLHOOF